# HOOFSTUK VI

## GODSDIENSONDERRIG IN ONDERWYSERSOPLEIDING IN DIE LIG VAN DIE PROBLEMATIEK VAN GELOOF-SEKERHEID

### 1.0 Taakstelling

Onderwysersopleiding in die algemeen is in die vorige hoofstuk besien in die lig van die problematiek en ideaal van geloofsekerheid. Uit die ganse kurrikulum van onderwysersopleiding word in hierdie hoofstuk een vak uitgelig, te wete Godsdiensonderrig, en in terme van die ideaal (soos gestel in hoofdeel EEN) en die werklikheid (soos gediagnoseer in hoofdeel TWEE) beoordeel.

Uit die aard van die ondersoek volg dat hier nie 'n breedvoerige en sistematiese studie van alle aspekte van Godsdiensonderrig in onderwysersopleiding gedoen word nie. Die bedoeling is slegs om vas te stel watter lig op verskeie aspekte van die vak gewerp word deur alles wat in die hoofstukke hieraan voorafgaande bevind is. Die vraagstelling is dus: Watter implikasies het die problematiek van geloofsekerheid vir Godsdiensonderrig in onderwysersopleiding ten opsigte van (1) doel en aard, (2) metode en benadering, (3) inhoud en (4) dosent?

### 2.0 Doel en aard

Die uitgangspunt van 'n ware Christelike opvoeding is geleë in die openbaring van God Drie-enig soos verpersoonlik in Christus, in Wie God Homself uitspreek en waarvan die Bybel onbetwisbare getuienis is. In so 'n opvoeding en onderwys is Christelik-leerstellige Godsdiensonderrig noodsaaklik. [1)]

Kragtens die algemene genade van God kan so 'n opvoeding as middel dien om die student in die regte verhouding tot God, sy medemens en die skepping te bring.

Wie die Heilige Skrif as grondslag en rigsnoer van sy opvoeding aanvaar, weet dis 'n onweerlegbare feit dat

---

1. Vgl. Strauss, H.J. Christelike wetenskap en Christelike onderwys, p. 72.

die Skrif die noodsaaklikheid van geloof (-sekerheid) aandui. [2] Vroeër is ook aangetoon dat die lewenspraktyk daartoe oproep, terwyl die sielkunde en psigiatrie die noodsaaklikheid daarvan beklemtoon; ook is vasgestel dat die nood van die Westerse beskawing 'n noodkreet om geloof is. [3]

In verband met die ideaal moet die antwoord op twee vrae bepaal word.

2.1 Die doel by kerk en kollege

Die eerste vraag lui: Kan geloofsekerheid 'n doel van Godsdiensonderrig wees. Is dit nie 'n doel van kerklike onderrig nie?

Die einddoel van Christelike onderwys word in die Bybel gevind. Dit is geloof in Jesus Christus tot verheerliking van God; tot heil van die naaste en tot eie saligheid. [4] Binne hierdie omvattende Bybelse doelstelling gaan die kerk en kollege (of universiteit) verskillende weë op. Die Godsdiensonderrig op kerklike terrein heet kategetiese onderrig en stel hom ten doel om die gedoopte jeug tot geloofsbelydenis in 'n kerk te lei [5]; dit is om die kerkjeug van doop tot nagmaal te lei en daartoe ook hulle ontwikkelende geloofslewe te versterk en op die regte paaie te lei. [6]

Die Godsdiensonderrig in onderwysersopleiding wil die student inlei in die inhoud van die Skrif en die hoofsom van die Christelike leer met die oog op godsdienstige vorming van onderwysstudente - om na voltooiing van studies Christelike onderwys te kan gee.

Om Christelik gevormd te wees veronderstel allereers geloof in Jesus Christus as God met ons. Hierdie

---

2. Vgl. supra pp. 39-40.

3. Vgl. supra pp. 40-42.

4. Vgl. Matt. 22:37-39; Joh. 20:31; Fil. 2:9-11; Ef. 4:13; 1 Pet. 1:-; Joh. 3:36.

5. Vgl. Coetzee, J.C. Die skool (In Die huis, die kerk en die skool, S.A.U.K.-uitgawe (geroneo); Sondag, 30 Augustus 1959).

6. Vgl. Dijk, K. Bybelvertelling en preek, p. 5.

geloof - volgens gereformeerde gesigspunt - is 'n vaste vertroue en 'n sekerheid insake die waarmaking van die beloftes van God. [7] Geloofsekerheid pas dus as ideaal by Christelike opvoeding en onderwys. Alles in die opvoeding moet meewerk tot bestendiging of verstewiging van die sekerheid dat God is en dat Hy sy beloftes aan andere en ook aan "my" genadiglik sal skenk (ensovoorts). Alleen wanneer onderwysersopleiding só gesien word, kom die apostolaat van die Christelike organisasie [8] tot sy reg - in hierdie geval: van die onderwysinrigting.

Hoewel die kollege se Godsdiensonderrig dus weliswaar nie sy studente se belydenisaflegging beoog nie, en hoewel die kollege ook geen evangelisasie-inrigting is nie, en aangesien (verder) sy taak dus nie die evangelisering of bekering van studente behels nie, kan die volgende stellings tog sonder gevaar van teenspraak gemaak word:

i) In die Godsdiensonderrig mag die dosent nie onverskillig staan teenoor die feit of die student 'n gelowige is of nie.

ii) 'n Appél tot 'n persoonlike geloofskeuse en tot 'n lewe van dankbaarheid is wesenlik aan die Evangelie en mag in die Godsdiensonderrig nie ontbreek nie. [9]

iii) Die Christelike onderwysersopleidingsprogram beoog om studente te vorm tot aktiewe Christen-opvoeders, wat in hulle hele lewe Jesus Christus wil volg en dien - en besonderlik in die onderwys.

Hieruit volg al dadelik dat die doel van Godsdiensonderrig nie maar "weetjes bijbrengen" kan wees nie, nie maar 'n intellektualistiese oordrag van reekse Bybelfeite nie, maar dat ook in die Godsdiensonderrig die Bybel 'n roeping tot geloof laat uitgaan. [10] Die dosent wat

---

7. Vgl. supra p. 6 e.v.

8. Vgl. supra p. 179.

9. Vgl. Castelyn, H.C. Godsdiensonderrig in die openbare skool - aard en doel, p. 5.(Referaat gelewer voor 'n Godsdiensonderrigkursus van die Departement Onderwys, kuns en wetenskap, Pretoria, Augustus 1 1967).

10. Vgl. Sillevis-Smitt, P.A.E. Handboek voor de Heilige Geschiedenis, p. v: In sy voorwoord stel Smitt as oogmerk vir sy boek "vermeerdering van kennis en versterking van geloof".

die inhoud van die Bybel nie neutraal-intellektualisties nie maar positief-lerend benader en doseer, kan nie anders as om die voortdurende aandrang tot geloofsekerheid wat daar in die Skrif is oor te dra aan die onderwysstudent nie. [11)]

Vanuit teologiese gesigspunt kan gestel word: Die doseer van die inhoud van die Bybel en die hoofsom van die Christelike geloof is wel anders as kategetiese onderrig in naderbyliggende doel en metode, maar by albei kom die Bybelse oproep tot geloofsekerheid duidelik na die student. Binne die omvattende doelstelling van geloof in die Drie-enige God gaan die kerk en kollege twee aparte weë, bedien elk hom van eie metodes ter nastrewing van die ideaal van geloofsekere jongmense maar by albei is die ideaal ewe sterk aanwesig. Immers, dis by albei dieselfde Gees en dieselfde Woord. [12)]

Vanuit psigologiese gesigspunt, sowel as weens oorwegings van die lewenspraktyk en die krisis van die Westerse beskawing kan die ideaal van geloofsekerheid vir onderwysstudente, wat kinders sal moet opvoed tot aanvaarding van 'n Christelike verantwoordelikheid in hierdie twintigste eeu, seker nie te hoog aangeslaan word nie.

In die besonder geld die ideaal van geloofsekerheid dan die praktyk van die Godsdiensonderrig - en nie slegs die kategetiese onderrig nie.

### 2.2 Geloofsekerheid - 'n bereikbare doel vir Godsdiensonderrig, of 'n onbereikbare hersenskim?

Die tweede vraag wat by 'n bespreking van die doel van Godsdiensonderrig relevant is, lui: Is geloofsekerheid vir die Godsdiensonderrig-dosent 'n bereikbare doel vir sy vak? Is die aanvaarding van sodanige doel vir hierdie vak nie by implikasie 'n oorskatting van menslike vermoëns nie?

Wie enige van die volgende as doelstelling(s) vir Godsdiensonderrig stel en van mening is dat hy dit mensalleen kan verwesenlik, oorskat inderdaad homself: geloof in God, of liefde vir Hom, of diens of 'n dankbaarheidslewe, vertroue in of kennis van God. En tog word

---

11. Vgl. supra p. 39.

12. Vgl. supra p. 44 e.v.

al die genoemde oogmerke aangetref in formuleringe van die doel van Godsdiensonderrig [13] en wel omdat die doel van hierdie vak nie in die laaste instansie bepaal word deur die dosent as instrument nie. Die ware Outeur van die Woordverkondiging is God Self. Uit God en deur God is alle dinge - ook die Godsdiensonderrig. [14]

Die groei van geloof in die jeugdige hart val buite beheer van die opvoeder, want die geloof is 'n genadegawe van God. [15] Dit is die werk van die Heilige Gees om die verdienste van Christus aan die mens mee te deel. Nogtans is "die geloof ... uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God". [16] Op 'n ander plek lui dit: "Hoe kan hulle hoor sonder een wat preek?" [17] God maak van mense gebruik om sy woord te laat hoor. Natuurlik kan Hy ook sonder die mens werk. Tog is dit in die reël so dat Hy deur die prediker vanaf die kansel, die vader by die huisaltaar, die onderwyser in die Bybelklas ensovoorts, en ook deur die Bybeldosent se onderrig, oortuiging en getuienis die geloof, wat Hy skenk, voed en die kennis van en vertroue in Hom vermeerder.

As dit nie so was nie dan was Godsdiensonderrig geheel en al nutteloos vir die godsdienstige ontwikkeling van die student. "Dit is (egter) die wonder dat God in sy vrymag aan die sondige mens as opvoeder die geleentheid gee om Sy medewerker te wees in dié sin dat Hy hom nooi om deur sy onderrig en persoonlike voorbeeld die moontlikheid te help bewerkstellig vir die ommekeer" van die jeug na Hom toe. [18] Hiermee word nie die Roomse standpunt aanvaar nie as sou die mens 'n deel doen en God dan aanvullend die res. Hy werk wel in en deur die Godsdiensonderrig om sý heilige doel met studente te

---

13. Vgl. supra p. 181; vgl. ook Bingle, H.J.J. Die metodiek van Godsdiensonderrig op die middelbare skool, p. 21.

14. Vgl. Rom. 11:36.

15. Vgl. Ef. 2:8; Rom. 5:1, 2; 4:16; vgl. ook supra p. 2.

16. Rom. 10:17.

17. Rom. 10:14.

18. Gunter, C.F. Die genade van God en die opvoedbaarheid van die mens. <u>Die Unie</u>, 4: 481, April 1964.

verwesenlik. Die arbeid wat deur die dosent verrig word, is dan ook nie arbeid in eie krag nie maar in die geloof dat die Heilige Gees geloofsekerheid by die studente sal bewerkstellig. [19)]

2.3 Gevolgtrekkings

Uit die voorgaande beredenering kan nou gekonkludeer word:

a) Op die suiwer menslike niveau kan die doel met Godsdiensonderrig niks meer wees nie as 'n inleiding in die inhoud van die Bybel en die hoofsom van die Christelike geloof, asook die hooftrekke van die geskiedenis van die Christendom. [20)]

b) Op die niveau van God wat die Godsdiensonderrig vrugbaar maak en die dosent instrumentaal gebruik, dit wil sê organies inskakel, kry die doel van Godsdiensonderrig - soos trouens die doel van die ganse onderwys - meteens 'n ewigheidsgerigtheid. Dan is geloofsekerheid as ideaal nie meer 'n onbereikbare hersenskim nie maar 'n nastrewensmoontlike doel - bereikbaar omdat dit God is wat werk!

c) As die uitslag van die geloofstryd van die student teen die twyfelsug van die tydsgees ensovoorts sou afhang van die Godsdiensonderrig-dosent sou daar geen oorwinning wees nie. Maar juis dáárom is die Godsdiensonderrigdoel bereikbaar - weliswaar nie sonder die dosent nie, ofskoon dikwels ten spyte van hom - omdat dit ten diepste Jesus Christus is wat die stryd voer en die oorwinning alreeds behaal het - as die dosent maar in sy arbeid van daaruit wil leef!

d) Binne die omvattende doel van Godsdiensonderrig, wat danksy God verwesenlikbaar is, moet die ideaal van geloofsekere onderwysstudente met erns nagestrewe word.

---

19. Aan die groot verantwoordelikheid wat die dosent nogtans in hierdie verband het, word later aandag gegee; vgl. hierna p. 213 e.v. veral.

20. Vgl. "Inhoud" hierna; d.i. pp. 225-229.

### 3.0 Metode en benadering in die lig van die ideaal: geloofsekerheid

Nadat vasgestel is wát nagestreef moet word, kom vervolgens aan die orde hoe die ideaal van geloofsekerheid in Godsdiensonderrig nagestreef moet word.

Hoewel dit in die laaste instansie God is wat die trefkrag en vrug van die Bybeldosent se arbeid bepaal, moet daaruit nie afgelei word dat sy eie persoon en wyse waarop hy sy vak doseer van min belang is nie.

### 3.1 Die metodiek is van betekenis vir verwesenliking van die doel

Dit is in Godsdiensonderrig ook waar. So is dit dan nie toevallig nie dat Jesus Christus verskillende benaderingswyses teenoor verskillende persone gehad het nie. [21)] Eweneens is dit nie toevallig nie dat Paulus sy benaderingswyse gewysig het na gelang van wie sy toehoorders was. Die metodiek waarvan hy hom in Athene bedien het [22)], verskil van dié in sy briewe aan byvoorbeeld die Korinthiërs. Hieruit mag die gevolgtrekking gemaak word dat hoewel dit God is wat die geloof in die hart bewerk en dit opbou, Hy nie sonder meer deur die Godsdiensonderrig (in hierdie geval) dit wil bewerkstellig nie maar die dosent ook oproep om sy onderrig bevatlik en treffend te maak - om die Woord so na aan die hart van die jeug te bring as wat menslik moontlik en opvoedkundig toelaatbaar is.

Aan die dosent word later afsonderlik aandag gegee. [23)] Tans moet die metodiek en algemene benadering waarvan hy hom moet bedien aandag kry.

### 3.2 Die metodiek van Godsdiensonderrig moet op 'n Christelik-opvoedkundige psigologie berus

Die Heilige Gees, wat die geloof skenk en opbou, is soos die wind wat waai waarheen hy wil. [24)] Hy laat

---

21. Vgl. sy optrede in eenvoud voor skares in Galilea teenoor diepsinnigheid in gesprek met byvoorbeeld Nikodémus.

22. Vgl. Hand. 17:15 e.v.

23. Vgl. hierna pp. 230-234.

24. Joh. 3:8.

Hom nie deur die mens weë voorskryf nie, of laat Hom ook nie bind aan die metodes wat die dosent uitdink om die jeug in hulle godsdiens by te staan nie. Op grond hiervan mag deur sommige geoordeel word dat besinning oor die metodiek van Godsdiensonderrig sinloos is.

Dit is natuurlik waar dat God met elke individu wat Hy na Hom toe keer op sy eie bepaalde wyse te werk gaan. Tog is dít slegs eenkant van 'n komplekse saak. God se vrymag sluit nie uit dat daar so-iets as 'n vaste orde in sy werk is nie. God, die Vrymagtige, en die God van orde is immers een God. Daar is tog stellig iets soos 'n heilige reëlmaat in die wyse waarop God die siele wat Hy trek "bewerk" en hulle tot geloofsekerheid lei. 25)

Hierdie werksaamheid van God bly vir die opvoeder altyd 'n wonder, maar dan 'n wonder vol van goddelike wysheid en 'n wonder waarin God dié wette inskakel wat byvoorbeeld in sielkundige opsig in die mens werksaam is. 26)

Dit impliseer dat die opvoeder moet besin oor 'n metodiek vir Godsdiensonderrig wat gestruktureer is op die sielkunde van die laat-adolessent (in die geval van onderwysersopleiding). Dit moet geskoei wees op kennis van die leerproses, op die bevattingsvermoë, die godsdienstige en algemeen psigologiese behoeftes ensovoorts. Dit moet daarby 'n sielkunde wees waarin 'n suiwer antropologiese beeld bestaan en die student nie tot 'n syfer gereduseer word nie. 27) Tereg het Waterink verklaar: "Verkeerde psychologie heeft altijd de zin om het gebod van God krachtelóós te maken." 28)

'n Korrekte psigologiese benadering moet daartoe meewerk dat die jongmens die erns van God se gebod en

---

25. Brillenburg-Wurth, G. De bekering als evangelisatieprobleem, p. 73.

26. Loc. cit.

27. Vgl. Evans, M.S. Revolt on the campus. In die voorwoord noem hy hierdie verskynsel "egalitarianism, by means of which everyone is reduced to the lowest common denominator" - een van die grootste gevare van ons tyd.

28. De wet van God in de opvoeding, p. 30.

sy beloftes en die liefde daarin beleef en daarom ook die erns van negering of betwyfeling daarvan des te meer aanvaar en gevolglik teen oortreding van die gebod of twyfel aan die beloftes sal stry. Die ideaal van geloofsekere onderwysstudente kan daarom nie gedien word deur 'n pedagogiese psigologie wat waardes relativeer, of 'n skewe siening van die mens in die pedagogiek indra, of wat, in die woorde van Waterink, "alleen maar een geredeneer (is), dat het wezenlijke van het menselijk leven niet grijpt". [29]

Daarom word 'n Christelike opvoedkundige psigologie of empiriese opvoedkunde dus as beslis noodsaaklik veronderstel as 'n basis vir Godsdiensonderrig-metodiek.

Sodoende gryp die dosent dan nie skendend in in die geheimnisvolle werk van die Heilige Gees nie, mits natuurlik sy metodiek aan die Goddelike metodiek georiënteerd is. Die Goddelike metodiek is nie in disharmonie met die wette wat Hy in die siel van die mens gestel het nie. Die pedagoog wat hom hierby en by die Skrif aansluit, moet noodwendig 'n Christelike metodiek daarstel wat die geloofsekerheidsideaal nie benadeel nie maar juis ten beste sal dien. Selfs dan sal hy egter nog in gedagte moet hou dat God soms ook volgens sy vrymag heel anders optree as wat die verwagting is.

Ten slotte impliseer dit alles dan ook 'n Christelike pedagogiese antropologie.

### 3.3 <u>Tradisionele benaderinge in verband met die problematiek van geloofsekerheid beoordeel</u>

Allereers moet metodes wat in Woordverkondiging aangewend word om die mens tot geloofsekerheid te bring[30] krities beoordeel word in terme van die waarde wat dit vir Godsdiensonderrig in onderwysersopleiding mag hê.

#### 3.3.1 <u>Die metode van bewyslewering</u>

Vroeër is op prinsipiële gronde reeds aangevoer dat die metode van bewyslewering op die terrein van die godsdiens hoogstens betreklike waarde het en wel by die

---

29. Loc. cit.

30. Vgl. supra p. 53 e.v.

verwydering van allerlei intellektuele moeilikhede wat die geloofsgroei rem. [31]

Bavinck se stelling dat die geloof aan die waarheid geen reg van bestaan sou hê as die onhistoriese karakter van die openbaring aangetoon sou kan word [32], is hier betekenisvol. As dit omgekeer word, sou dit ook só kan lui: Die geloof aan die waarheid van die openbaring ondervind teenstand, remminge, op daardie punte waar die historisiteit van die openbaring bevraagteken word. Dit is nou juis op hierdie punt waarby die metode van bewyslewering (betreklike) waarde het.

Die Godsdiensonderrig kan met gebruikmaking van die materiaal van die Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawingsresultate die metode van bewyslewering wel vrugbaar gebruik - maar dan om

i) eerstens die onhoudbaarheid van standpunte van die Hoër Kritiek te bewys en sodoende die ys onder die voete van twyfelaars baie dun te maak, en

ii) tweedens om die werklikheid van die Bybelse agtergrond en historie na vore te bring; egter

nooit om die juistheid van die Bybel te probeer bewys nie.[33] Nadat alle oudheidkundige gegewens bekend is, moet die Skrif ten slotte nog op geloofsgrond aanvaar word, omdat werklike twyfel teen alle argumente en bewyslewering in kan bly bestaan. [34]

3.3.2 <u>Die metode van ervaring</u> [35]

Aangesien hierdie metode streng persoonlik en subjektief is, kan dit nie in die lesingkamer geïmplementeer word nie. Prinsipieel moet so 'n metode ook afgewys word, aangesien dit die geloof verkeerdelik op die ervaring laat volg, en tweedens vanuit pedagogiese gesigspunt, aangesien die objektiewe studeerbare waarheid aan subjektiewe gewaarwordinge ondergeskik gestel word.

---

31. Id.

32. Bavinck, H. De zekerheid des geloofs, p. 63.

33. Soos wat soms gebeur by Keller, W. Die klippe het dit uitgeroep.

34. Vgl. supra p. 74.

35. Vgl. supra p. 55.

3.3.3 Die metode van bevinding [36]

Aangesien hierdie metode die koms tot geloofsekerheid afhanklik van die bevinding maak, beteken dit 'n aanmoediging tot introspeksie - 'n introspektiewe metode dus.

So 'n metode is allereers af te raai omdat dit geneig is om twyfel in die hand te werk [37] en verder omdat dit as lesingkamermetode moeilik denkbaar is. Die Godsdiensonderrig moet die student weliswaar óók na binne laat skou, maar om roepingsvervullende en geloofsekere Christen te wees moet hy veral ópskou na God en ook horisontaal om hom heen na sy naaste en die skepping.

3.3.4 Die metode van die Hernhuttisme [38]

Met so 'n metode of benadering verloor die Godsdiensonderrig sy leerkarakter, want dis 'n metode wat eensydig op die gemoed gemik is. Tereg lê dit egter groot klem op blymoedige Christenskap en ewe groot nadruk op die genadige beloftes van God, terwyl dit ook met reg aandag vra vir die belangrikheid van gewyde sang.

3.3.5 Die Metodistiese metode [39]

Die gevaar verbonde aan hierdie benadering is tweërlei:

a) Eerstens word die aksent te swaar gelê op menslike prestasie in die geloofslewe.

b) Tweedens word eensydig klem gelê op die streng individuele godsdiens, terwyl die amp van die gelowige en die lewenswye verchristeliking nie voldoende beklemtoon word nie.

Hierteenoor moet gestel word dat die Godsdiensonderrig nie antroposentries moet wees nie maar Christosentries. Dit gaan primêr immers nie om die bring van die jeug tot geloof nie maar om die diens en verheerliking

---

36. Vgl. supra p. 59 e.v; vgl. ook Overduin, J. Tact en contact, pp. 182-3.

37. Vgl. Berkhof, L. Systematic theology, p. 508.

38. Vgl. supra p. 62.

39. Vgl. supra p. 63.

van God deur gelowige jongmense. Daarom moet studente deur die Godsdiensonderrig tot die besef gelei word dat hulle naas die persoonlike, kerklik-godsdienstige roeping ook 'n lewenswye Christelike roeping het. [40]

### 3.4 Moderne vereensydiginge in die Godsdiensonderrig

#### 3.4.1 Die intellektualistiese benadering

Die leerkarakter van die Godsdiensonderrig moet gehandhaaf word anders ontaard die lesingkamer in 'n kerk en die kateder word 'n kansel, terwyl die lesing 'n preek word of 'n pastorale gesprek.

Soms word in naam van die leerkarakter van Godsdiensonderrig egter intellektualisme bedryf. Dan is dit, soos Kuyper in sy tyd reeds aangedui het, nie 'n geval van "te veel" intellek nie, maar 'n vereensydiging wat nie daarmee rekening hou nie dat die Evangelie die "hart" raak; dit is: óók die verstand maar meer as dit. [41]

Wat Berkouwer waarskuwend meer in die besonder van die prediking en die kerk sê, kan ook in meer as een opsig op die intellektualisme in die Godsdiensonderrig slaan: "Zal de dogmatische bezinning in onze problematische tijd nog enige betekenis hebben en een klem op de conscientie zijn, dan is het meer dan noodzakelijk, dat we doordrongen zijn van de betrekking van al onze bezinning op de Woord, dat nu nog is de lamp voor onze voet en het licht op onze pad. Want dan alleen zal ze niet als een prachtig 'systeem', waarin het denken der enkelingen zich kan verlustigen, buiten het leven staan met een eigen geheimleer, die slechts door weinigen kan worden verstaan, maar zal ze van betekenis kunnen zijn ... voor de practijk des geloofs ... in de tegenwoordige wereld." [42]

Aan die anderkant kan 'n dogmatiese indifferentisme

---

40. Vgl. Lombard, J.C. Die Reformasie en ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing, Ned. Geref. teol. tydskrif, 4: 231-238, September 1967, p. 238.

41. Kuyper, A. Drie kleine vossen, pp. 26, 32, 157; aangehaal deur Müller, B.A. Die lewende Woord aan die mens van die hede, p. 73.

42. Berkouwer, G.C. Geloof en rechtvaardiging, p. 6.

in reaksie teen 'n sogenaamd verstarde intellektualistiese sisteem ook nie geregverdig word nie, want daar moet 'n rasionele element wees. Dit is immers Godsdiensonderrig en dus is sistematisering en studie van Skrifgegewens veronderstel. Sonder sistematiese studie sou onkunde die gevolg wees, wat vir die geloof skadelik is.

### 3.4.2 Individualistiese vroomheidsonderwys

Dit is die antitese van die vorige. Wie op so 'n wyse Godsdiensonderrig bedryf, doen 'n enkelvoudige oproep tot persoonlike geloofsbeslissing. Dit is familie van die Piëtistiese prediking van die 17e eeu. [43) ] Die nadeel van hierdie benadering is dat kennisverwerwing verwaarloos word. Die leerkarakter van Godsdiensonderrig kom nie tot sy reg nie, want subjektivisme seëvier. [44)] Waar subjektivisme regeer, is daar weinig vastigheid en veel twyfel.

Tog word hier 'n klem op aandag aan die indiwidu gevind wat vir die onderwys altyd 'n belangrike beginsel is.

### 3.4.3 Rasionalisties-modernistiese onderrig

Die Duitse Nieu-Testamentikus, Rudolf Bultmann, het in sy broemde "Neues Testamentum und Mythologie" (1942) geskrywe: "Man kann nicht elektrisches Licht brennen und Radioapparat benutzen, in Krankheitsfällen moderne medizinische und klinische Mittel in Anspruch nehmen und gleichzeitig an die Geister - und Wunderwelt des Neuen Testamentes glauben." [45)]

Soortgelyke standpunte komende van Tillich, Bonhoeffer, Van Buren, Robinson en andere ontspring uit 'n begeerte om die "godsdiens-bankrotskap van die moderne mens" te beredder. [46)] Dit wil deurdring tot agter die sogenaamde mitologiese materiaal waarmee die ware inhoud van die Skrif ingeklee is; dit wil die Evangelie losmaak van die "huwelik met die Joodse apokaliptiek en

---

43. Vgl. Muller, B.A., op. cit., p. 79 e.v.

44. Vgl. Dijk, K. Dienst der prediking, p. 61.

45. Vgl. Müller-Schwefe, H.R. Der Standort der Theologie in unserer Zeit, p. 3.

46. Heyns, J.A. Die evangelie in krisis, p. 22.

die gnosties-hellenistiese teologie". 47) Dit alles word 'n poging om ter wille van die geloof die moderne mens in sy eie "taal" en wêreldbeeld te bereik. Die gevolg is dat gepoog word om Bybelse begrippe soos "bo", "onder", "hemel" en "hel", "pre-eksistensie", "inkarnasie", "wonder" ensovoorts wetenskaplik te verklaar. Al hoe meer word weg-verklaar, onder meer die godheid van Christus. 48) So verloor die moderne mens dan juis sy vaste ankers en sy twyfel verminder nie.

Die waarde van hierdie benadering van aanpassing van die Skrif by die kleingeloof van die twintigste eeu is dat die jeug in sy eie "taal" aangespreek word. Daarmee word die aanpassing van die Skrif by die mens nie verdedig nie, maar daarmee word bedoel: wanneer die dosent met 'n verouderde problematiek besig is sodat die moderne onderwysstudent geen antwoorde vir hedendaagse aktuele probleme kry nie, dan "raak" hy sy studente nie meer nie. Dit gebeur as hy nie met die tyd meeleef nie en dus ook nie die pluriformiteit van die verbande waarin die moderne tegniese mens lewe, verstaan nie. 49)

Andersins moet hierdie metode egter afgewys word. Müller wys ook op sogenaamde "stemminge" wat geskep word om die "moderne" mens te laat "tuisvoel", soos gebruikmaking van die taal van die straat, die mark of die agterbuurt 50) - of in hierdie geval "studentetaal"! Omdat dit vir die regte atmosfeer by Godsdiensonderrig nie bevorderlik is nie, moet dit afgewys word.

Origens is die ontmitologiseringsbeskouing van die Skrif 'n verskraling daarvan en 'n bevraagtekening van die egtheid van vele passasies in die Bybel wat vir die strydende gelowige nog altyd versekerend en bemoedigend was. Die ideaal van geloofsekere onderwysstudente kan daarom nie met hierdie metode gedien word nie.

---

47. Müller, B.A., op. cit., p. 78.

48. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., p. 19.

49. Vgl. supra p. 89 e.v.; vgl. hierna p. 223.

50. Vgl. Müller, B.A., op. cit., p. 78.

## 3.5 Die gereformeerde weg [51]

3.5.1 Uitgaande van die waarheid dat Jesus Christus as God met ons "die Weg, die Waarheid en die Lewe" is [52], moet gekonkludeer word dat die Godsdiensonderrig Christosentries moet wees. [53]

3.5.2 Die kennis van God, in die hoogste mate in Jesus Christus geopenbaar, word gevind in die Heilige Skrif: Ou en Nuwe Testament. Daarom moet die Godsdiensonderrig 'n deeglike [54] studie van die Woord wees.

3.5.3 Aangesien die geloof in die eerste plek die genadige beloftes van God as voorwerp het, moet die Godsdiensonderrig voldoende klem daarop lê. [55] Sodoende tree die dosent in ooreenstemming op met die psigologiese wet wat vroeër gevind is [56], naamlik dat dit wat aangenaam is (soos genadige beloftes) makliker aanvaar word as die onaangename.

3.5.4 Omdat die geloof in laaste instansie tog die ganse Woord as voorwerp het, moet die hele Skrif en alles wat nodig is vir die goeie verstaan daarvan bestudeer word. [57] Dit is Ou en Nuwe Testament, belofte en gebod, Evangelie en Wet, te wete: agtergrondstudie van die Bybel, Openbaringsgeskiedenis, Geloofsleer en Sedeleer, Kerk- en Sendinggeskiedenis. [58]

3.5.5 Studie van die Skrif is des te meer noodsaaklik omdat verwaarlosing van die Skrif (of dele daarvan) gevolg gee aan onkunde. [59] Onkunde is verantwoordelik vir baie onsekerheid en twyfel.

---

51. Vgl. supra p. 65 e.v.

52. Joh. 14:6.

53. Vgl. T.O.D. Sillabus vir Bybelkunde aan Kolleges, 2.1.2.

54. Prins, S.J., op. cit., p. 166. Hy lei uit sy studie van gebrekkige kerkgang af dat meer Skrifkennis vir die onderwysstudente noodsaaklik is. Hy het vierdejaars getoets.

55. Vgl. Bavinck, H., op. cit., p. 89.

56. Vgl. supra p. 134.

57. Vgl. supra p. 13.

58. Vgl. "Inhoud" hierna; di.i. pp. 225 e.v.

59. Vgl. supra p. 115.

3.5.6 Die Skrif moet as Woord van God aanvaar word, as Kanon. Wie aan die gesag van die Bybel twyfel, verloor sy geloofsanker. [60]

3.5.7 Voorgaande impliseer 'n juiste Skrifbeskouing, 'n saak wat tans besondere aandag in teologiese kringe [61] en ook op Godsdiensonderrig-terrein geniet [62]; ook in gereformeerde kringe word drukke diskussies gevoer. [63]

Godsdiensonderrig wat uitgaan van die ontmitologiseringsbeskouing van die Skrif of van die skeptisisme van die Hoër Kritiek kan die ideaal van 'n geloofsekere jeug nie dien nie.

3.5.8 In heel eenvoudiger sin kan van 'n korrekte Skrifbeskouing ook die volgende gesê word: Omdat die Bybel meer is as skone literatuur [64], meer as sedelike voorbeelde [65] en meer as historiese gebeure, moet die Bybel in al sy rykdom en diepte aan die studente gebring word as Godsopenbaring. 'n Bybellesing moet meer as voorgenoemde eensydighede behels, want so 'n siening van die Skrif kan hoogstens voer tot historiese geloof. [66] Die ware geloof kan alleen gevoed word deur 'n Godsdiensonderrig waarin die Skrif as ware Woord van God geken word.

3.5.9 Die beklemtoning van die beloftes hierbo (3.5.3) moet nie in die Godsdiensonderrig aanleiding gee tot 'n wanverhouding tussen Wet en Evangelie nie. [67] Deur die genadige beloftes van God as van besondere betekenis vir geloofsekerheid te bestempel, word nie 'n sogenaamd Evangeliese benadering, waarby die Wet in verwaarlosing gaan,

---

60. Id.

61. Vgl. Heyns, J.A., op. cit., 1966.

62. Vgl. byvoorbeeld Matthews, H.F. Revolution in religious education, 1967.

63. Vgl. jonger werke soos: Generale Synode der Nederlandsch Hervormde Kerk. Klare Wijn, 1967; Koole, J.L. Verhaal en feit in het Oude Testament, 1966; Baarda, Tj. De betrouwbaarheid van de evangeliën, 1967.

64. Vgl. die gevaar van estetisme hier.

65. Vgl. die gevaar van moralisme hier.

66. Vgl. supra p. 1.

67. Vgl. Waterink, J. De wet van God in de opvoeding, pp. 13-7.

bepleit nie. Immers, 'n eiewillige godsdiens is ewe min bevorderlik vir geloofsekerheid as 'n godsdiens sonder beloftes. Aan die anderkant moet egter ook gewaak word teen 'n kille wettisisme in die Godsdiensonderrig. Sowel die eensydige beklemtoning van "belofte" as van "gebod" is skadelik vir die geloof; in eersgenoemde geval omdat nie voldoende koersduiding aan die jeug gegee word nie; in die tweede geval omdat die kragtige versekering van die beloftes van God te midde van eensydige wetsbetragting uit die gesigsveld verdwyn.

## 3.6 Die benadering gesien vanuit die eise wat die student stel

### 3.6.1 'n Begrypende benadering is noodsaaklik

Die skets wat hoër op gegee is van die jeug in twyfel as gevolg van aanvegting deur die Bose, die tydsgeesmagte, histories-pedagogiese faktore en psigologiese steurnisse [68] laat meteens blyk hoeseer begrip van die jeug nodig is.

Waterink wys op die feit dat die jongmens juis so merkwaardig gevoelig op godsdienstige gebied is. By die meeste is daar 'n groot sluier oor wat in godsdienstige opsig in hulle omgaan. Wat baie maal vir onverskilligheid aangesien word, is in wese 'n sekere beskroomdheid of meer dikwels nog 'n besef van groot eerbied vir wat die student in godsdienstige opsig in sy eie hart ervaar. [69] Daarom is begrip nodig van watter innerlike stryd en onsekerheid en watter eerbied en selfs teerheid daar by die sogenaamd onverskillige jeug veelal aanwesig is.

Enige benadering van die student, veral van eerste- en nog meer besonders van tweedejaars [70], wat ru is en van weinig begrip van die innerlike van die onderwysstudent getuig, laat hulle in geslote oesters verander. As so 'n optrede dan nog geskied in naam van diens aan die Here moet noodwendig bewuste of onbewuste teensin en weerstand ontketen word teen alles wat daar in die

---

68. Vgl. supra p. 89 e.v.

69. Vgl. Waterink, J. Puberteit, p. 160.

70. Soos blyk uit eie ondersoek, supra p. 171.

Godsdiensonderrig geskied. Onder eksamendwang word die vak geslaag, maar die ideaal van geloofsekere jongmense is deur foutiewe psigologiese benadering minstens tydelik verongeluk.

### 3.6.2 'n Aktualiserende benadering

Een van die doeltreffendste motiverings vir studie is aktualisering van die onderwerp vir die student. Aangesien dit in die Godsdiensonderrig gaan om die lewende Verlosser as "Antwoord" op die in sonde gevalle mens se nood, kan sowel in die lesings en klasbesprekings as in die werkopdragte die leerstof besonder goed geaktualiseer word indien dit op 'n natuurlike wyse gekorreleer word met die student se godsdienstige behoeftes, veral met sy onsekerhede en twyfel. [71)]

Skrywer hiervan het met vrug, te oordeel na die opflikkering van belangstelling by studente, die volgende metode beproef - wat ook die begin was van wat gelei het tot die eie ondersoek in hoofstuk IV (supra).

Blanko strokies papier word aan studente by die aanvang van 'n klas uitgedeel. Daarop, so is die versoek, kan hulle dan 'n godsdienstig-sedelike probleem of twyfelvraag waarmee hulleself of medestudente worstel anoniem in drukskrif neerskryf. Aan die einde van die periode word alle strokies, blanko of nie, ingeneem. By 'n aantal klasse word dit herhaal. Daarna word die frekwensie van sake waaroor twyfel of 'n intellektuele of ander probleem bestaan, bereken.

Al hierdie probleme kan beskou word as struikelblokke van geringer of groter statuur op weg na geloofsekerheid. Sonder om die lesings in antwoorde op probleme en sodoende in 'n oordrewe apologetiek te omskep waardeur God ingevoer word as die Oplosser van die mens se grensprobleme, is antwoorde op die vasgestelde vrae op 'n natuurlike wyse ingevleg by die lesings. So kom die probleme in verband met die aapmens, die geologiese tydperke se lengte, in kort: die evolusionisme, ter

---

71. Vgl. Prins, S.J., op. cit., p. 58: "Die verkryging van 'n waardestelsel is onmoontlik as die persoon nie ook diep bewus is van sy behoeftes, en as hy dan met die oog op bevrediging van daardie behoeftes, sy waardes nie eers innerlik deurwerk en deurworstel nie." Daarby het hy leiding nodig.

sprake by die "Skepping" in Openbaringsgeskiedenis.

Op dié wyse word dié vak nie alleen vir die studente geaktualiseer nie, word die studie, werkopdragte en klasbesprekings nie alleen sterker gemotiveer nie maar word die ideaal van geloofsekere onderwysstudente met 'n beter metode gedien.

## 4.0 Die inhoud van Godsdiensonderrig in die lig van die ideaal: geloofsekerheid

Daar is 'n verskeidenheid van faktore wat medebepalers is van die inhoud van 'n vak. Oor daardie faktore gaan dit nie hier nie.[72] Slegs maar enkele opmerkings moet gemaak word oor die implikasies wat die problematiek van geloofsekerheid by onderwysstudente vir die inhoud van Godsdiensonderrig in onderwysersopleiding het.

### 4.1 Die leerstof

#### 4.1.1 'n Algemene inleiding tot die Bybel

Twee grondlyne van ontwikkeling waarmee in die Godsdiensonderrig rekening gehou moet word, is:

a) die ontwikkeling van die diens van God by Israel en die Kerk, en

b) die ontwikkeling van die literatuur waarin (a) gerapporteer is.[73]

Laasgenoemde veronderstel 'n beknopte studie van kanon- en teksgeskiedenis met aandag aan die gesag van die kanon - dit alles tot op so 'n kennisvlak dat twyfelvrae oor die herkoms en oorlewering en gesag van die Skrifte uitgestryk kan word, terwyl ook dieper insig verkry word in God se openbaring aan die mens.[74]

#### 4.1.2 Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings

Dit is 'n pedagogiese veronderstelling dat 'n

---

72. Vgl. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 25 e.v.

73. Vgl. Murray, A.V. Teaching the Bible, p. 109.

74. Vgl. Van Wyk, J.H. Die sillabus vir Godsdiensonderrig en Bybelkunde aan Transvaalse onderwysersopleidingsinrigtings, p. 143.

student alleen dán hom die leerstof ten volle eie kan maak wanneer hy hom in dit wat hy studeer as werklikheid en as waarheid [75] kan verplaas. Dit kan gebeur wanneer die feite vir hom lewenswerklik word. [76]

Hieruit volg die belangrikheid van 'n studie van Bybelse aardrykskunde, oudheidkunde en opgrawings, asook in 'n mindere mate die voorgenoemde (4.1.1) studie. Om die inhoud van die Skrif as 'n groot werklikheid teen 'n realistiese agtergrond te visualiseer, is beslis noodsaaklik vir beter begrip van die Skrifinhoud. [77] Bingle sê tereg: "Benewens opheldering van vrae, van die oënskynlik onwerklike, dien hierdie werk ook nog die bevordering van 'n beter begrip van die hele gees van die Bybelse mededeling as Oosterse boek vir ons westerlinge." [78] Afwesigheid hiervan vorm deel van die onkunde in verband met die Bybel wat vir soveel twyfel en onstabiliteit in die godsdiens verantwoordelik is. [79]

Deur die dosering van Bybelse agtergrondgegewens word gewaak teen verbalisme, die gevaar dat voldoende gespreek word oor die waarheid maar dat die woorde nie 'n werklikheidsklank dra nie. Tans moet egter gewaak word dat die student in die werklikheid geplaas word deurdat oor die konkrete, tasbare en sigbare Bybelse werklikheid mededelings gedoen word, sonder dat deurgedring word tot die ware, kerugmatiese inhoud van die Skrif. [80] Dit geld vir Godsdiensonderrig in die geheel en ook vir elke afsonderlike komponent daarvan.

4.1.3 <u>Openbaringsgeskiedenis en kerkgeskiedenis</u>

By die dosering van Openbaringsgeskiedenis moet die dosent of student hom nie voor 'n feitereeks geplaas sien nie maar voor 'n kompleks van gebeurtenisse in die

---

75. Vgl. supra p. 76: waarheidsgevoel en werklikheidsbesef staan teenoor twyfel.

76. Vgl. Waterink, J. Grondslagen der didactiek, p. 84.

77. Vgl. T.O.D. Sillabus vir Godsdiensonderrig, 3.4

78. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 30.

79. Vgl. supra p. 115.

80. Waterink, J. Grondslagen der didactiek, p. 85; hy praat van die isolasie van die werklikheid "van het in de werkelijkheid indringende woord".

loop van eeue wat in die gedagte van God 'n eenheid vorm en daarom by 'n beskouing in die lig van die eenheidsgedagte tot sy reg kom. "Als Heilige geschiedenis wordt oog en hart gevraagd voor de aanbidding dier gansch bijzondere goddelijke energie, waardoor de wereld, in verlorenheid verzonken, wordt heengeleidt tot verlossing en heerlijkmaking. In dien zin mag deze geschiedenis profetie heeten, de ontvouing van den Raad Gods tot redding der menscheid." 81)

In Christus lê die eenheid van die Skrif as belofte en vervulling, as skaduwee en volle lig; hierin moet duidelik na vore gebring word hoedat God se genadige verbond deur die geslagte en eeue loop tot op die student self.

In die Ou en Nuwe Testament word ook beloftes insake die laaste dae gegee, dit is tussen die eerste en tweede koms van Christus op aarde. Hoofsaak is hier die Nuwe Testamentiese Israel, die Kerk dus. Om lewende lid van die Kerk van Christus te wees veronderstel ook kennis van die Kerk en hoe God die Kerk langs wonderlike weë lei in die stryd tussen Satan en die kinders van God. 82) In aansluiting by die studie van die Openbaringsgeskiedenis moet die hand van God dus ook in die geskiedenis van die Kerk nagespeur word. Trouens, wanneer die wereldkerk op aarde gevestig word, word die Heilige Geskiedenis Kerkgeskiedenis en word die geloofsoog met groot verwagtinge gevestig op die einde, waar die eindpunt van die geskiedenis lê, die vervulling van die wederkomsbelofte van Christus.

4.1.4 <u>Die Christelike geloof</u>

a) <u>Geloofsleer</u>

Godsdiensonderrig wat die geloofsekerheidsideaal in gedagte hou, kan nie sonder dogmata wees nie. Die geloofsleer gee immers 'n sistematiese samevatting van die kennis van God - kennis waarsonder die liefde vir God ondenkbaar is. Daarin word met sekerheid gevind

---

81. Sillevis-Smitt, P.A.E. Handboek voor de Heilige Geschiedenis - Oude Testament, p. vi.

82. Bingle, H.J.J., op. cit., pp. 33, 34.

dit wat God in verband met Homself en in verband met die mens en die kosmos geopenbaar het. Vir die problematiek in die geloofslewe van die onderwysstudent is dít juis besonder noodsaaklike kennis. Die gelowige bewussyn soek dan ook hierdie kennis en vind daarby, danksy God se genade, versterking van sy geloof - in ons tyd veral ook in antitese tot die relativeringstendense.

Tereg sê Waterink dus dat elkeen wat die Bybel as Woord van God aanvaar "dogmatisch onderwijs zien als een wezenlijk bestanddeel van de godsdienstige opvoeding".[83] Dit volg uit die feit dat alles hieraan voorafgaande in die geloofsleer in 'n hegte sisteem van geloof en van lewens- en wêreldbeskouing saamgebind word "sodat die jeugdige kan sê: hier is die rigsnoer van my lewe ... dinge wat my lei op elke lewensterrein" [84] - waarop hy onstabiel staan.

b) Sedeleer

Dit is juis ook op die sedelike terrein dat die onderwysstudent veel onsekerheid ervaar. Die nivellerings- en relativeringstendense van die tydsgees is daarvoor mede-verantwoordelik. As gevolg van die gevolglike op- en neergang in sy sedelike lewe, sit hy ook met 'n sondebesef wat 'n goeie gewete voor God juis onmoontlik wil maak. Die sedelike opvoeding moet dán juis voortdurend die verkondiging inhou dat daar elke dag opnuut in Jesus Christus vergifnis is.

Beslis noodsaaklik is 'n studie van die Tien Gebooie en in noue samehang daarmee sedelike vraagstukke waarmee die student in ons tyd veral te kampe het op die onderskeie lewensterreine. Dit moet in die Sedeleer dus gaan om 'n toepassing van die belydenis op daardie lewensterreine wat die mees voor die hand liggend is. [85] "Belydenis en daaruit voortvloeiende lewens- en wêreldbeskouing moet" vir die student "in die praktiese lewe ingedra word sodat hy toegerus sal wees om standpunt in te neem en homself en sy belydenis te handhaaf" [86] -

83. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 575.

84. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 36.

85. Vgl. supra, p. 182 e.v.

86. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 37.

'n geloofsekere student dus.

c) Die gebed

Die gebed is een van die sentrale punte waaromheen die godsdienstige lewe van die Christen gebou word [87] en daarom het die gebed besondere betekenis vir die ideaal van geloofsekerheid. [88] Daarmee word dan nie 'n blote kennis van gebede in die Bybel bedoel nie maar begrip dat die lewe van 'n Christen 'n biddende lewe is en dat die gebed die vernaamste deel van sy dankbaarheidslewe is. [89]

### 4.1.5 'n Studie van Bybelboeke

Uitgaande van die noue verband tussen omgang met die Woord en geloofsekerheid moet die studie van die Bybel self sterk beklemtoon word. [90] Eerstens moet gestel word dat studie van elke afdeling van Godsdiensonderrig met nougesette Bybelstudie gepaard moet gaan. [91] By elke komponent van Godsdiensonderrig moet die Bybel die primêre bron wees.

Tweedens moet studente egter ook die geleentheid kry om 'n studie van gekose Bybelboeke te onderneem ten opsigte van kultuurhistoriese omlysting, datering, outeur, omstandighede van ontvangers (in die geval van byvoorbeeld briewe), die hoofindeling en - inhoud en die boodskap. Elementêre Skrifverklaring aan die hand van kommentare is eweneens wenslik. Die hoofoorweging vir sodanige studie van die Bybel is die kweek van die gewoonte van Skrifstudie by studente, wat meer is as Bybellees. Sodoende spreek die Heilige Skrif soveel duideliker en treffender tot die student se geloofsproblematiek.

---

87. Vgl. De Klerk, P.J.S. Die gebed in die Heilige Skrif, p. 44.

88. Vgl. supra p. 47.

89. Vgl. Waterink, J. Grondslagen der didactiek, p. 129.

90. Vgl. supra p. 46.

91. Vgl. T.O.D. Sillabus vir Bybelkunde aan onderwyskolleges.

### 4.2 Leerstofverspreiding [92]

a) Rekening moet gehou word met die ontwikkelende vermoë van die student om die inhoud van die Skrif te verstaan. Dit impliseer dat met die eenvoudiger leerstof te wete Bybelse agtergrondstudie 'n aanvang gemaak word terwyl met Geloofsleer en Sedeleer geëindig word. [93]

b) Die studentejaargroepe se godsdienstige ontwikkelingsvlakke moet in gedagte gehou word. Die ondersoeke vroeër het aan die lig gebring dat studente eers vanaf hulle derde jaar in kalmer waters begin vaar en dan eers werklik ryp is vir geloofsleer- en sedeleerstudie. [94]

## 5.0 Die dosent in die lig van die ideaal: geloofsekerheid

### 5.1 Die verband tussen die aanvaarding van die waarheid en die brenger daarvan [95]

Die Skrif lê telkens klem op die noodsaaklikheid dat ampsdraers bepaalde kwaliteite moet besit. [96] Die kwaliteite van die brenger van die Woord is nie sonder betekenis vir die gelowige aanvaarding daarvan nie. Daarom moet vervolgens aandag gegee word aan enkele belangrike eienskappe wat aan 'n Bybeldosent eie behoort te wees.

### 5.2 Vakkundige bekwaamheid

Die ontwikkelingsgang van die Teologiese wetenskap, veral in die laaste dekades, stel aan die beoefening van die Godsdiensonderrig sy eise en die gegewens wat daagliks vermeerder, moet ook op dié terrein verwerk word deur manne met vakkundige bekwaamheid.

---

92. Leerstofverspreiding is tans slegs moontlik by meerjarige diplomakursusse, aangesien U.O.D. en T.H.O.D. slegs 'n jaarkursus volgend op 'n graadkursus is.

93. Vgl. Murray, A.V., op. cit., p. 109.

94. Vgl. supra p. 171 e.v.

95. Vgl. supra p. 213.

96. Vgl. Hand. 6:3; Hebr. 13:7; 1 Pet. 5:2; 1 Tim. 4:6-16.

Wanneer die wetenskaplike opleidings-fasiliteite, wat daar vir die Bybeldosent en -onderwyser in Suid-Afrika bestaan, vergelyk word met bestaande fasiliteite oorsee, is dit meteens duidelik watter agterstand hier te lande bestaan. In Engeland kan, om enkele voorbeelde te noem, 'n B.D.-graad te Londen, Manchester, Wales, Oxford, Cambridge ens. geneem word deur voornemende onderwysers. Aan Oxford en Cambridge kan 'n B.A. in teologie geneem word, waarop die B.D.-studie dan nagraads volg. Origens is daar 'n groot aantal diplomas.[97)]

In Suid-Afrika, aan residensiële universiteite, is Bybelkunde III die hoogste kwalifikasie waarmee 'n voornemende Bybeldosent homself kan toerus - òf hy moet by 'n teologiese kweekskool lange jare gaan studeer òf by die Universiteit van Suid-Afrika vir B.A.(theol) of Honns.-B.A.(theol) inskryf. Indien hy egter prinsipieel sou verskil van die standpunt in sommige vakke aan hierdie laasgenoemde universiteit se teologiese fakulteit is Bybelkunde III of die Bybelkunde-diploma aan die P.U. vir C.H.O. (na-uurs) sy hoogste opleidingsmoontlikheid.

Hierdie fasiliteite mag voorlopig vir die onderwyser voldoende wees - vir die dosent is dit nie! Indien Godsdiensonderrig op gelyke vlak met ander vakke beoefen moet word, moet dosente beter Bybelkunde-studiefasiliteite hê as wat tans die geval is. Veral noodsaak die problematiek van die jeug besonder bekwame vakmanne as dosente.

Die universiteite het in hierdie verband 'n belangrike plig om na te kom! Miskien moet die Afrikaanse universiteite hulle hierin laat lei deur die inhoud wat deur die Vrye Universiteit van Amsterdam bepaal is vir 'n doktoraal-studie (Godsdiensonderwys), te wete: capita selecta uit die wetenskap van die Ou Testament en uit die van die Nuwe Testament, capita selecta uit die geskiedenis van die Christendom, veral in sy betekenis vir die kultuur; dogmageskiedenis; godsdienswysbegeerte; psigologie, met name dié van die puberteit

---

97. Vgl. Murray, A.V., op. cit., p. 31 e.v.

en adolessensie; pedagogiek en didaktiek van die Godsdiensonderrig.[98]

## 5.3 Pedagogiese bekwaamheid

Om die nodige perspektief van sy werk te hê, moet die dosent nie alleen Bybelkundig deeglik onderlê wees nie maar moet hy 'n studie van die pedagogiese wetenskap, waarby inbegrepe is die sielkunde van die laat-adolessent, gemaak het [99] - laasgenoemde om sy studente na behore te ken.[100] Immers, wanneer die eis gestel word dat die onderwysersopleiding Christelik-opvoedkundig moet wees [101], dan geld dit vir Godsdiensonderrig, net soos vir elke ander vak, dat dit nie slegs Christelik gefundeerd nie maar ook pedagogies gestruktureerd moet wees. Daarom moet die Bybeldosent ook pedagogies bekwaam wees.

## 5.4 'n Getuigende oortuiging

Dat die Woord die hart van die jeug raak en gevolg gee aan (groter) geloof in God en aan sekerheid aangaande sy beloftes, dit is die werk van die Heilige Gees.[102] Tot die verborge, onbewuste dieptes van die jeugdige hart het alleen die Gees van God toegang. Omdat die Gees Hom in die reël daarby tog van die dosent se verduideliking en opheldering van die Woord bedien, daarom moet daardie lesing 'n appél wees op 'n keuse deur die student.

Met so 'n stelling word nie bedoel dat die lesing 'n preek moet wees of 'n sektariese oorbeklemtoning van die gemoed en 'n verwaarlosing gevolglik van sistematiese kennisoordrag of studie nie. Wel word bedoel dat die lesing nie maar verstandelike beredenerings en verduidelikings moet wees nie - waarby dit nie belangrik is dat die dosent of dat die studente in hulle geloofsgroei daarby baat nie. Die dosent se lesings, meer nog: sy hele lewe moet 'n getuienis dra wat met erns

---

98. Vrije Universiteit. Studiegids 1967-68, p. 71.

99. Vgl. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 74.

100. Vgl. supra p. 223.

101. Vgl. supra p. 191 e.v.

102. Vgl. supra pp. 44, 45.

tot die jeugdiges uitgaan, wat die jeug deur God se genade in die hart ráák; 'n getuigende oortuiging as middel wat God gebruik om die jeug tot groter geloof te oortuig. [103)]

Dit is God Self wat hier agter sy Woord, wat deur die dosent onderrig word, staan en dit tot 'n lewende en kragtige, geloofsversterkende Woord maak. God maak hierby egter ook die getuienis, dit is die oortuiging in woord en lewensvoorbeeld, van die dosent wat 'n gelowige is [104)] tot 'n instrument om studente te oortuig en te verseker.

Op beknopte wyse stel Waterink dit só: "Wie overtuigen wil, moet nooit de waarheid aan de ander willen opdringen. Hij moet alleen zelf geheel leven uit de overtuiging, die hij propageren wil, en hij moet anderen in de gelegenheid stellen, zijn overtuiging te leren kennen en te leren verstaan". [105)]

Wie ander wil oortuig, moet ook vertrouenswaardig wees: "Niet de meest begaafd predikant kan 'alles met zijn gemeente doen', maar de best-vertrouwde predikant is de herder dié de schapen in zijn hand heeft". [106)]

Nie in vlotheid van taal of in diepsinnige betoog lê die "bruikbaarheid" van die dosent nie maar in sy getuigende oortuiging. Dit is die roeping van die Bybeldosent: "Wij zullen met al de krachten, die in ons zijn, blijven overtuigen; overtuigen om Gods wil." [107.]

## 5.5 Die geroepenheid van die Bybeldosent

As geroepene staan die Bybeldosent, in die woorde van Bingle, "nie in 'n 'job' nie". [108)] Daarom soek hy nòg beloning nòg roem in sy werk. Ook gaan dit vir hom nie om die vraag òf en hoevéél studente hy tot geloofsekerheid bring nie, want hy weet dat ten slotte dit

---

103. Vgl. 2 Kor. 5:11.

104. Vgl. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 75.

105. Waterink, J. Theorie der opvoeding, p. 132.

106. Id., p. 133.

107. Id., p. 141.

108. Bingle, H.J.J., op. cit., p. 75.

nie van sý plant en natmaak afhang nie maar van God wat die wasdom gee. Die primêre en allesbeheersende arbeidsdoel is daarom vir hom om gewillig en dankbaar met die volheid van sy ontvange talente te staan in die diens van God. Hy leef die ideaal van geloofsekerheid in sy Godsdiensonderrig ten beste na deur te leef uit die beginsel van: Soli Deo Gloria!